Herald Sport

Kom "chat 'n bietjie ball"

Groot veld vir Prestige-dag

Daar is Saterdag die geleentheid om met die groot name in Rugby en Boks skouers te skuur by Heilbron gholfklub.

Adriaan Strauss en Brain Mitchell gaan die gassprekers wees vir die geleentheid. Die publiek is ook welkom om die funksie by te woon en vir 'n skamele R100 kan jy ook aandete geniet. Saterdag gaan die manne eers 'n rondte gholf speel en volgens die inskrywings is dit 'n redelike vol veld. Eerste spelers slaan reeds 10:00 af.

Verlede Saterdag het behoort aan Hennie Pretorius, hy speel een beter as sy voorgee en eindig met 37 punte. Obie Oberholzer was tweede ook met 37 en derde Jackie Leonard met 36.

Die algemene jaarvergadering is ook Woensdag gehou. John Watson is gekies as president van die klub. Ander bestuurslede soos volg: Visepresident - Jackie Leonard, klubkaptein - Gerrie Muller, onderkaptein - Wiam Rautenbach, tesourier - Annemarie Hayward, sekretaris - Annelize Rautenbach en addisionele lede, Shaun Hayward en Willie Pretorius.

Borgdag goed ondersteun

Op die foto vl: Coenie Marx, Katy Marx, Linda van Caspel, De Wet Steenkamp en Carina Kleynhans.

Die afgelope Saterdag het die rolbalklub hul eerste borgdag vir die nuwe seisoen aangebied. Weereens is die dag baie goed ondersteun deur klubs van sover as Bloemfontein, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz, Warden, Meyerton, Koppies en Kroonstad rolbalklub. Met die ondersteuning van al ons borge kon hierdie dag met groot sukses aangebied word. Dankie aan Buffalo Valley Spur, OK Grocer, Clover, Annemè Galatis, Telwiedrè Voere, Pakworks asook ons klublede. Weereens het die klub se dames seker gemaak dat die besoekers met moeite van die etenstafel opgestaan het. Ten spyte van die hittegolf wat ons ervaar het, het almal die dag geniet en soos hulle sê, aan die einde van die dag was rolbal weereens die wenner. Wenners vir die dag was die gekombineerde span van KBC en Koppies bestaande uit Coenie en Katy Marx, De Wet Steenkamp en Linda van Caspel. Tweede was die span van Gerald Rademeyer, Amelia Galatis, Gustav Booysen en Suzie van der Westhuizen. Derde was die span van KBC bestaande uit Johan en Nita Wessels, Koos van Breda en Leon Nortje. Vierde was die span van Meyerton. Vir KBC rolbalklub en Valsrivier sub-distrik is dit ook 'n groot kompliment dat Linda van Caspel genooi is om Februarie aan die Meesters toernooi by Wingatepark deel te neem.

Plessierrit môre

Heilbron Ruiteklub beplan weer môre, 24 November 2018 'n plessierrit te plaas Meribah van Elje en Carien Botha. Daar word beplan om 10:00 te vertrek. Alle ruiterklublede word vriendelik uitgenooi om te kom deel in die plesier. Daar sal 'n bring en braai na afloop van die rit wees. Sien uit om almal daar te sien.

Sperdatum vir die Heilbron Herald is Woensdae om 10:00

Wilge Hengelklub

Sluit die jaar af met 'n deurnagkompetisie

Wilge Hengelklub het Saterdag, 17 November hul laaste klubkompetisie van die jaar gehou by Tago.

Die kompetisie het saam met die jaarlikse deurnagkompetisie geskied. Die hengelaars het baie goeie vangste gehad.

Wilge Hengelklub wil net graag die borge van die deurnag se pryse bedank naamlik: Hinterland Heilbron, Bonus Hardeware, BKB Heilbron en VKB Heilbron.

Die klubkompetisie se uitslae is as volg: Seniors: JD Claassen - eerste plek, GP Rossouw - tweede plek en Sean Louw – derde plek.

Die dames se uitslae is: Marietjie Kleynhans - eerste plek, Erina Rabie - tweede plek en Charlene Kleynhans - derde plek.

Op die foto verskyn die wenners van die deurnagkompetisie: Sean Louw - eerste plek, JD Claassen - tweede plek en Leon Louw - derde plek.